Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat met bevelsendossement

- (1) bewys lewer as bevelvoerder aan boord van 'n Suid-Afrikaanse Vlootskip van 24 m of meer vir 'n telbare ses maande en ses maande seediens as 'n botallige op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Gesagvoerder (< 500 BT)

27. Vir die bekwaamheidsertifikaat of endossement as gesagvoerder (< 500 BT) moet 'n kandidaat–

ALTERNATIEF A

Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as stuurman (< 500 BT kusvaart of onbeperk) of dekkoffisier **[(onbeperk)]**

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as stuurman (< 500 BT kusvaart of onbeperk) gehou is, ten minste 12 maande seediens as

offiisier in bevel van 'n navigasiewag voltooi het op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise; en

(3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B

Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)

(1) ten minste 20 jaar oud wees;

(2) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 500 BT kusvaart) gehou is, ten minste ses maande seediens as offiisier in bevel van 'n navigasiewag voltooi het op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise; en

(3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C

Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat met bevelsendossement

(1) bewys lewer as bevelvoerder aan boord van 'n Suid-Afrikaanse Vlootskip van 24 m of meer vir 'n telbare ses maande en ses maande brugwaghoudiens op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise onder toesig van 'n waghou-offisier; en

(2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word."

Wysiging van regulasie 28 van Regulasies

15. Regulasie 28 van die Regulasies word gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"Dekoffisier **[(onbeperk)]**".

Wysiging van regulasie 29 van Regulasies

16. Regulasie 29 van die Regulasies word gewysig deur die opskrif van ALTERNATIEF A deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier **[(onbeperk)]**".

Wysiging van regulasie 30 van Regulasies

17. Regulasie 30 van die Regulasies word gewysig deur die opskrif van ALTERNATIEF B deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier **[(onbeperk)]**, hoofstuurman of hoofstuurman (< 3 000 BT)".

Wysiging van regulasie 31 van Regulasies

18. Regulasie 31 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur die opskrif van ALTERNATIEF A deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier **[(onbeperk)]**"; en

(b) deur die opskrif van ALTERNATIEF B deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofstuurman (< 3 000 BT) **[of gesagvoerder (< 3 000 BT)]**".

Wysiging van regulasie 35 van Regulasies

19. Regulasie 35 van die Regulasies word gewysig deur in die Engelse teks subregulasie (3) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) have performed, during the required seagoing service, bridge watchkeeping duties under [nder] the supervision of a certificated deck officer for at least six months; and".

Wysiging van regulasie 36 van Regulasies

20. Regulasie 36 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF C deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word."

Wysiging van regulasie 41 van Regulasies

21. Regulasie 41 van die Regulasies word gewysig deur die opskrif van ALTERNATIEF A deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis graad 2".

Wysiging van regulasie 42 van Regulasies

22. Regulasie 42 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur die opskrif van ALTERNATIEF C deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis graad 1"; en

- (b) deur ALTERNATIEF D na ALTERNATIEF C by te voeg, soos volg:

"ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier STCW A-III/1

Kwalifiseer vir die endossement as Hoofingenieur (< 1 500 kW hawebedryf) sonder enige bykomende vereistes."

Wysiging van regulasie 43 van Regulasies

23. Regulasie 43 van die Regulasies word gewysig deur paragraaf (a) van subregulasie (1) van ALTERNATIEF A deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) hoofingenieur (< 1 500 kW hawebedryf); of".

Wysiging van regulasie 45 van Regulasies

24. Regulasie 45 van die Regulasies word gewysig deur die opskrif van ALTERNATIEF A deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis graad 2".

Wysiging van regulasie 46 van Regulasies

25. Regulasie 46 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur die opskrif van ALTERNATIEF A deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis graad 1"; en

- (b) deur die opskrif van ALTERNATIEF B deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as [seemasjinis graad 1] hoofingenieur (< 1 500 kW hawebedryf)".

Wysiging van regulasie 47 van Regulasies

26. Regulasie 47 van die Regulasies word gewysig—

- (a) deur die opskrif van ALTERNATIEF C deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis hoër graad";

- (b) deur subregulasies (1) en (2) van ALTERNATIEF H deur onderskeidelik die volgende subregulasies te vervang:

"(1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens voltooi het op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer en waghoudienste verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en;
(2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word."; en

- (c) deur subregulasie (3) van ALTERNATIEF H te skrap.

Wysiging van regulasie 49 van Regulasies

27. Regulasie 49 van die Regulasies word gewysig deur die opskrif van ALTERNATIEF B deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as tweede ingenieuroffisier \leq 3 000 kW [of tweede ingenieur]".

Wysiging van regulasie 50 van Regulasies

28. Regulasie 50 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF C deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) ten minste 12 maande [**seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag**] ingenieurwaghoudiens voltooi het onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier of botallig op handelskepe met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en".

Wysiging van regulasie 55 van Regulasies

29. Regulasie 55 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur die opskrif van ALTERNATIEF C deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis graad 1"; en

(b) deur ALTERNATIEF D te skrap.

Wysiging van regulasie 56 van Regulasies

30. Regulasie 56 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur die opskrif van ALTERNATIEF D deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n [bevoegdheidsertifikaat] bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis hoër graad";

(b) deur ALTERNATIEF E na subregulasie (2) van ALTERNATIEF D by te voeg, soos volg:

"ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier

(1) ten minste drie maande seediens voltooi het op vissersvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer as waghouer onder leiding van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier; en

(2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.".

Wysiging van regulasie 59 van Regulasies

31. Regulasie 59 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone dekseeman gehou word, ten minste **[18]** 12 maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe van 25 BT of meer";

(b) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF B deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat, of voorlopige bevoegdheidsertifikaat, as gewone dekseeman **[(hawebedryf)]** gehou word, ten minste **[12]** ses maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe van 25 BT of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en".

Wysiging van regulasie 60 van Regulasies

32. Regulasie 60 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as **[seeman wat deel van 'n navigasiewag uitmaak]** gewone seeman gehou word, ten minste 18 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op vissersvaartuie van **[100 BT]** 25 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise en 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek voltooi het; en";

(b) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF B deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone dekseeman gehou word, ten minste 12 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op vissersvaartuie van **[100 BT]** 25 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en";

(c) deur die opskrif van ALTERNATIEF C deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as bekwame seeman **[(onbeperk)]**";

(d) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF C deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) ten minste drie maande seediens hê in die dekadefdeling op vissersvaartuie van **[100 BT]** 25 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;"

(e) deur in die Engelse teks die opskrif van ALTERNATIEF D deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIVE D: Candidates holding a certificate of [competency] proficiency as able seafarer (port operations)"; en

(f) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF D deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) ten minste ses maande seediens hê in die dekadefdeling op vissersvaartuie van **[100 BT]** 25 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;"

Wysiging van regulasie 61 van Regulasies

33. Regulasie 61 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as **[seeman wat deel van 'n navigasiewag uitmaak]** gewone seeman gehou word, ten minste 18 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise en 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek voltooi het; en";

(b) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF B deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone **[seeman]** dekseeman gehou word, ten minste 12 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en";

(c) deur in die Engelse teks die opskeif van ALTERNATIEF C deur die volgende opskeif te vervang:

"ALTERNATIVE C: Candidates holding a certificate of [competency] proficiency as able seafarer (fishing)";

(d) deur in die Engelse teks die opskeif van ALTERNATIEF D deur die volgende opskeif te vervang:

"ALTERNATIVE D: Candidates holding a certificate of [competency] proficiency as able seafarer (port operations)"; en

(e) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF D deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) ten minste [ses] 12 maande seediens in die dekaafdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;"

Wysiging van regulasie 62 van Regulasies

34. Regulasie 62 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) ten minste ses maande seediens in die masjienkamerafdeling hê op handelskepe met [**350 kW**] 750 kW aandrywingskrag of meer;"

(b) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF B deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) ten minste twee maande seediens in die masjienkamerafdeling hê op handelskepe met [**350 kW**] 750 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is en voldoen aan die bevoegdheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word; en"; en

(c) deur ALTERNATIEF C na ALTERNATIEF B by te voeg, soos volg:

"ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis Graad 2

- (1) ten minste 16 jaar oud wees; en
(2) ten minste een maand diens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word."

Wysiging van regulasie 63 van Regulasies

35. Regulasie 63 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat of voorlopige bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman (hawebedryf) of gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste 12 maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe met **[350 kW]** 750 kW aandrywingskrag of meer;" en

(b) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF B deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat, of voorlopige bevoegdheidsertifikaat, as gewone masjienkamerseeman (hawebedryf) of gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste ses maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe met **[350 kW]** 750 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en".

Wysiging van regulasie 64 van Regulasies

36. Regulasie 64 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF A deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste 12 maande seediens

voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met **[350 kW] 750 kW** aandrywingskrag of meer; en";

(b) deur subregulasie (2) van ALTERNATIEF B deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat, of voorlopige bevoegdheidsertifikaat, as gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste ses maande seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met **[350 kW] 750 kW** aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en";

(c) deur in die Engelse teks die opskrif van ALTERNATIEF C deur die volgende opskrif te vervang:

"ALTERNATIVE C: Candidates holding a certificate of [competency] proficiency as able seafarer engine (port operations)";

(d) deur subregulasie (1) van ALTERNATIEF C deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) ten minste een maand seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met **[350 kW] 750 kW** aandrywingskrag of meer; en"; en

(e) deur ALTERNATIEF D na ALTERNATIEF C by te voeg, soos volg:

"ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as seemasjinis Graad 1

(1) ten minste drie maande seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat opleiding aan boord insluit wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;

(2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word; en

(3) 'n voorlopige bekwaamheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman hou wat uitgereik is deur die hoofingenieuroffisier van die skip waarop opleiding aan boord voltooi is."

Vervanging van regulasie 69 van Regulasies

37. Regulasie 69 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"69 Basiese opleiding

- (1) Vir 'n bevoegdheidsertifikaat in basiese opleiding moet 'n kandidaat-
(a) ten minste 16 jaar oud wees; en
(b) voor aansluiting by 'n vaartuig, goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (2) 'n Bekwaamheidsertifikaat in basiese opleiding word nie vir personeel op vissersvaartuie vereis nie."

Wysiging van regulasie 72 van Regulasies

38. Regulasie 72 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) ten minste 12 maande seediens **[in die dekadefling]** hê op handelskepe van 500 BT of meer of passasiersvaartuie wat op internasionale seereise bedryf word; en".

Wysiging van regulasie 73 van Regulasies

39. Regulasie 73 van die Regulasies word gewysig deur paragraaf (a) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) handelskepe van 100 BT of meer in mynbedrywighede of op onbeperkte of kusvaartseereise; of".

Wysiging van regulasie 74 van Regulasies

40. Regulasie 74 van die Regulasies word gewysig deur in subregulasie (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"Gesagvoerders, hoofingenieuroffisiere, hoofstuurmanne, tweede ingenieuroffisiere en enige persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks of ander vragverwante bedrywighe op chemiese tenkskepe moet 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighe op chemiese **[olietenkskepe]** tenkskepe hou. 'n Kandidaat

vir 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op chemiese tenkskepe moet—".

Wysiging van regulasie 75 van Regulasies

41. Regulasie 75 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur in subregulasie (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"Gesagvoerders, hoofingenieuroffisiere, hoofstuurmanne, tweede ingenieuroffisiere en enige persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks **[en op olie- of chemiese of gastenkskepe] of ander vragverwante bedrywighede op vervloeidegastenkskepe** moet 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op vervloeidegastenkskepe hou. Kandidate vir 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vervloeidegastenkskepe moet—"; en

(b) deur paragraaf (c) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) goedgekeurde gevorderde opleiding vir **[daardie tipe tenkskip] vervloeidegastenkskepe** voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word."

Wysiging van regulasie 76 van Regulasies

42. Regulasie 76 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) Seelui wat in ooreenstemming met subregulasies (4), (6) en (7) opgelei moet word, moet met tussenpose van hoogstens vyf jaar voortgesette professionele bevoegdheid toon deur vir ten minste 12 maande in die voorafgaande vyf jaar in die gepaste hoedanigheid te dien of goedgekeurde (opknappings)opleiding voltooi en voldoen aan die bevoegdheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word."

Wysiging van regulasie 82 van Regulasies

43. Regulasie 82 van die Regulasies word gewysig deur paragraaf (b) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) in alle ander gevalle—

- (i) as mynbedrywighede vir meer as twee derdes van die tydperk seediens verrig is, tel die seediens **[ten volle vir] nie vir meer as die helfte van** die kwalifiserende diens **nie**; of
- (i) as mynbedrywighede vir minder as twee derdes van die tydperk seediens verrig is, tel die seediens **[nie vir meer as die helfte van] ten volle vir** die kwalifiserende diens **[nie]**."

Wysiging van regulasie 85 van Regulasies

44. Regulasie 85 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subparagraaf (iii) van subregulasie (2)(b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iii) gepaste leiding ontvang het in metodes en praktyk van assessering en 'n goedgekeurde opleidingsprogram vir assessore bygewoon het;" en

(b) deur in die Engelse teks subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) Application for accreditation shall be made in the form and manner, include the information and be accompanied by the documents specified by **[in]** the Authority."

Wysiging van regulasie 91 van Regulasies

45. Regulasie 91 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur in subartikel (1)(e) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"(e) elke seeman in diens op die skip wat aangewys is om veiligheids- of besoedelingvoorkomingspligte te hê, dokumentêre bewys het dat hy of sy basiese opleiding ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 5, suksesvol voltooi het;" en

(b) deur subparagraawe (i) en (ii) in subregulasie (1)(e) te skrap.

Wysiging van regulasie 97 van Regulasies

46. Regulasie 97 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur subregulasie (1) te skrap;

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) 'n Werkgewer wat 'n seeman met 'n vreemde sertifikaat wat deur 'n party by die STCW-F-konvensie uitgereik is, in diens wil neem as 'n offisier of seeman wat by hierdie regulasies vereis word, moet by die Owerheid aansoek doen om sodanige kandidaat te laat assesseer deur 'n eksaminator van die Owerheid in ooreenstemming met regulasie 17."; en

(c) deur subregulasies (3) en (4) te skrap.

Wysiging van regulasie 99 van Regulasies

47. Regulasie 99 van die Regulasies word gewysig deur in die Engelse teks in subregulasie (1), in die tweede ry van item 7 van die tabel, in die 5de kolom, "[**offshore skipper**]" deur "Skipper offshore" te vervang.

Wysiging van regulasie 100 van Regulasies

48. Regulasie 100 van die Regulasies word gewysig deur in die tweede ry van item (1) van die tabel, in die 5de kolom, "(A)" deur "(a)" te vervang.

Wysiging van regulasie 101 van Regulasies

49. Regulasie 101 van die Regulasies word gewysig–

- (a) deur in die Engelse teks in item 5 van die tabel, in die 5de kolom, "[**Marine Motorman Grade 1**]" deur "Marine Motorman Grade 2" te vervang;
- (b) deur in item 6 van die tabel, in die 3de kolom, "[**≥ 350 maar < 500 en < 500 BT**]" deur "≥ 350 maar < 1 500 en < 500 BT" te vervang;
- (c) deur in item 10 van die tabel, in die 5de kolom, "[**Seemasjinis Graad 1**]" deur "Seemasjinis Graad 2" te vervang; en
- (d) deur in item 11 van die tabel, in die 5de kolom, "[**Seemasjinis Graad 2**]" deur "Seemasjinis Graad 1" te vervang.

Wysiging van regulasie 103 van Regulasies

50. Regulasie 103 van die Regulasies word gewysig deur in die Engelse teks paragraaf (d) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) when the radio equipment on the ship is being used for [**General**] general communications, other than distress, urgency or safety communications, such general communications shall not be conducted by the deck officer on watch."

Wysiging van regulasie 104 van Regulasies

51. Regulasie 104 van die Regulasies word gewysig–

(a) deur paragraaf (c) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) op passasierskepe die voorgeskrewe getal seelui gekwalifiseerd as vaardig in oorlewingsvaartuie en reddingsbote en as vaardig in vinnige reddingsbote bykomend moet wees by die getal seelui gekwalifiseerd as gewone of bekwame seelui [**en as bekwame masjienkamerseelui**];" en

(b) deur paragrawe (e) en (f) van die voorbehoudsbepaling deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

"(e) eienaars en gesagvoerders (met inagneming dat die tabel [**hieronder**] hierbo net minimum vereistes vermeld) moet ag slaan op die vereistes van regulasie 91(4) wanneer die gepaste bemanning bepaal word[.];

(f) ten opsigte van 'n skip wat net in hawebedryf bedryf word, en in plaas van voldoening aan die vereistes in die tabel [**hieronder**] hierbo vermeld, daar by die bevoegde beampte in die skip se bedryfshawe aansoek gedoen kan word dat die getal gediplomeerde seelui, met die nodige veranderinge, ooreenkomstig regulasie 91(4) bepaal word;"

Wysiging van regulasie 107 van Regulasies

52. Regulasie 107 van die Regulasies word gewysig–

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Die eienaar en die gesagvoerder van 'n seeskip van 500 BT of meer of passasierskip op internasionale seereise moet verseker dat alle personeel in diens aan boord van die skip [**sekuriteitsverwante opleiding**] sekuriteitsbewustheidsopleiding ontvang het."; en

(b) deur die volgende subregulasie na subregulasie (3) by te voeg:

"(4) Vissersvaartuie word van hierdie regulasie uitgesluit."

Wysiging van regulasie 108 van Regulasies

53. Regulasie 108 van die Regulasies word gewysig deur in die Engelse teks die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Employment of qualified personnel on passenger ships**".

Wysiging van regulasie 113 van Regulasies

54. Regulasie 113 van die Regulasies word gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip wat met een of meer vinnige reddingsbote toegerus is, moet verseker dat daar ten minste twee persone per boot op die skip in diens is wat 'n geldige bevoegdheidsertifikaat in vinnige reddingsbote het wat ooreenkomstig regulasie [72] 71 van hierdie regulasies uitgereik is, of 'n goedgekeurde ekwivalent."

Wysiging van regulasie 115 van Regulasies

55. Regulasie 115 van die Regulasies, subregulasie (2), word gewysig—

(a) deur, in items 20 en 21 van die tabel, in die 5de kolom, "**[Skipper]**" deur "**Gesagvoerder**" te vervang;

(b) deur, na item 35 van die tabel, item 35A in te voeg, soos volg:

"35A	=	<u>See-ingenieur-offisier</u> <u>Klas 3 nie-STCW</u> <u>geëndosseer</u>	<u>See-ingenieur-offisier</u> <u>Klas 3 nie-STCW</u> <u>geëndosseer</u>	<u>Hoofingenieur-offisier</u> <u>(visvang)</u> "
------	---	---	---	---

(c) deur, in item 37 van die tabel, in die 4de kolom, "**[(b) Tweede Ingenieur-offisier (hawebedryf)]**" te skrap;

(d) deur, na item 37 van die tabel, items 37A, 37B en 37C in te voeg, soos volg:

"37A	=	<u>See-ingenieur-offisier</u> <u>Klas 4 nie-STCW</u> <u>geëndosseer</u>	<u>See-ingenieur-offisier</u> <u>Klas 3 nie-STCW</u> <u>geëndosseer</u>	<u>Hoofingenieur-offisier</u> <u>(Visvang)</u> <u>< 3 000 kW</u> <u>aandrywingskrag</u>
------	---	---	---	---

<u>37B</u>		<u>Tweede Ingenieur-offisier (hawebedryf)</u>	<u>Tweede Ingenieur-offisier (hawebedryf)</u>	<u>Hoofingenieur-offisier < 1 500 kW (hawebedryf)</u>
<u>37C</u>		<u>Ingenieur-offisier (hawebedryf)</u>	<u>Ingenieur-offisier (hawebedryf)</u>	<u>Hoofingenieur-offisier < 1 500 kW (hawebedryf)";</u>

(f) deur, in item 38 van die tabel, in die 4de kolom, na "Seemasjinis Hoër Graad", die volgende in te voeg:

"Geëndosseer:

- Tweede Ingenieur-offisier (Visvang)

- Hoofingenieur-offisier < 1 500 kW aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfsgebied werk"; en

(g) deur, in item 39 van die tabel, in die 5de kolom, na "Seemasjinis Graad 1", die volgende in te voeg:

"Geëndosseer:

- Waghou-ingenieur-offisier (visvang) < 3 000 kW aandrywingskrag".

Vervanging van regulasie 117 van Regulasies

56. Regulasie 117 van die Regulasies word deur die volgende regulasie vervang:

"Hou van dokumente

117. Sonder om regulasie [4] 91 te beperk, moet die eienaar en die gesagvoerder van elke skip verseker dat alle oorspronklike sertifikate en ander dokumente wat ingevolge die Wet, die STCW-konvensie of die STCW-F-konvensie, na gelang van die geval, uitgereik is, te alle tye aan boord van die skip gehou word, wat die kwalifikasie van die gesagvoerder en enige lid van die bemanning toon om funksies te verrig wat hulle in die loop van hulle aangewese pligte aan boord van die skip moet verrig."

Wysiging van regulasie 119 van Regulasies

57. Regulasie 119 van die Regulasies word gewysig—

(a) deur in die Engelse teks subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(4) Examination Regulations [**For**] for Certificates [**Of**] of Competency [**For Fisherman**] for Fishermen, 1993, published by Government Notice No. R. 2317 of [0]1 December 1993, as amended, is repealed."; en

(b) deur die volgende subregulasie (6) na subregulasie (5) by te voeg:

"(6) Die Eksamenregulasies vir Bevoegdheidsertifikaat as Stuurman (Reddingsvaartuie), 1991, afgekondig by Goewermenskennisgewing No. 1945 van 16 Augustus 1991, soos gewysig, word herroep."

Wysiging van regulasie 120 van Regulasies

58. Regulasie 120 van die Regulasies word gewysig deur subregulasies (7), (8), (9), (10) en (11) na subregulasie (6) by te voeg, soos volg:

"(7) Gesagvoerders of eienaars, na gelang van die geval, moet binne twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie Regulasies verseker dat seelui wat aangewese veiligheids- of besoedelingvoorkomingspligte het, "basiese opleiding" ingevolge regulasie 91(e) voltooi.

(8) Gesagvoerders of eienaars, na gelang van die geval, van passasiersvaartuie op ander seereise as onbeperkte seereise moet binne twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie Regulasies aan regulasie 108 voldoen.

(9) Gesagvoerders of eienaars, na gelang van die geval, van vissersvaartuie korter as 30 m wat ingevolge hierdie Regulasies die getal dekoffisiere aan boord moet vergroot, moet daaraan voldoen binne twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie Regulasies.

(10) Vissersvaartuie met veiligebemanningsertifikate wat uitgereik is op grond van bedrywighede in die sogenaamde "omskrewe visvangsone" voor die inwerkingtreding van hierdie Regulasies, kan tot 22 Julie 2015 bedryf word op die bemanningsvlakke wat kragtens die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning), 1999, voorgeskryf en op die "omskrewe visvangsone" van toepassing is.

(11) Personeel wat voor 1 Januarie 2016 dokumentêre bewys lewer van ses maande diens op 'n seevarende skip in die vorige drie jaar en die verrigting van sekuriteitswerkzaamhede, word vrygestel van die opleiding wat vereis word vir personeel met aangewese sekuriteitspligte en kan 'n bevoegdheidsertifikaat toegeken word."

Kort titel en inwerkingtreding

- 59:** (1) Hierdie regulasies heet die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning, Opleiding en Diplomerings) (Wysiging), 2015, en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die *Staatskoerant*.
- (2) Bepalings van die Regulasies wat verwys na die *International Convention on Standards of Training, Certification and Watchkeeping for Fishing Vessel Personnel, 1995 (STCW-F 95)*, tree eers 12 maande na bekragtiging van die Konvensie in werking.
-

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Publikasies: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertensies: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subskripsies: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057